Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 15, Nr 1, 1985. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# KRYGSHELDE/WAR HEROES
## Dirkie Uys – Kinderheld

**W. Kroukamp***

**Die Groot Trek het talle helde opgelewer, maar die aangrypendste verhaal is die geskiedenis van die jong held, Dirkie Uys. Op 11 April 1838 het hy 'n heldedood gestref nadat hy sy vader teen 'n oormag Zoeloekrygers verdedig het. Vandag leef hy onsterflik voort in die nagedagtenis van die mense van Suid-Afrika.**

Op die oewer van 'n rietspruit kniel 'n jong seun en drie burgers by die liggaam van hulle bevelvoerder. Bloedstollende krete van Zoeloekrygers weergalm oor die vlaktes van Natal. Ylend beveel die man aan sy getroue volgelinge om te vlug, want die Zoeloes is amper op hulle.


Die burgers huiwer nog. Hoe kan hulle die kommandant agterlaat? Maar daar is niks meer wat hulle vir hom kan doen nie. Die seun staar na die stil liggaam. 'n Laaste blik voordat hy agter die drie burgers aanjaag.

Die vyftienjarige Dirkie Uys vind dit hartverskeurend om sy vader, kommandant Piet Uys, daar op die oewer agter te laat. Hoe het dit gebeur dat sy jong lewe so drasties verander het?

Die weke en maande sedert die Groot Trek begin het, was 'n tyd van groot ontberings vir die Voortrekkers in Natal. 'n Noodroep het opgegaan ná die dood van hulle leier, Piet Retief ... die donker nag toe die Zoeloemag in een verskriklike aanslag honderde mans, vrouens en kinders gedood het. Twee kommando's onder leiding van kommandante Piet Uys en Hendrik Potgieter, het hulle te hulp gesnel. Hulle was die kommando wat teen die Zoeloe-koning, Dingaan, moes optree.

Vroeg Woensdagoggend, 11 April 1838, het hulle die Zoeloes se spoor gekry. 'n Ent verder is die impi's gewaar: een teen die hang van 'n hoë heuwel en die ander op die vlakte. Die twee kommando's het besluit om uiteen te spat. Kommandant Uys en sy burgers het die heuwel bestorm en op die Zoeloemag begin skiet. Kort daarna het die Zoeloes op die vlug geslaan.

Dirkie Uys het deur die hele geveg dapper aan sy vader se sy gebly.



Die vyftienjarige Dirkie Uys beskerm sy vader teen Zoeloekrygers

Kommandant Uys kom later agter dat die twee Malan-neefs in hul waaghalsigheid heeltemal van die groep af weggedwaal en tussen twee bosryke klowe beland het. Dit was uiters gevaarlik aangesien die Zoeloekrygers hulle in 'n lokval kan inlei.

Vyftien burgers jaag saam met kommandant Uys die klowe in om die Malans te waarsku. Skielik wemel die klowe van die Zoeloes. Die burgers veg onverskrokke, maar moet noodgedwonge terugval.

Die kommandant ondervind probleme met sy voorlaaier se vuursteen en hou 'n oomblik stil om dit reg te maak. Die volgende oomblik voel hy 'n brandpyn in sy heup – 'n assegaai het hom getref. Hy behou teenwoordigheid van gees, pluk die assegaai uit en jaag verder.

Bloed stroom by sy wond uit en terug by sy burgers is hy te swak om van sy perd af te klim. Hulle kan egter nie tyd mors nie, want agter hulle lyk die vlaktes soos 'n groot bewegende massa. Die hoofkommando is nêrens te sien nie en die klein groepie moet alleen voortveg.

'n Paar honderd tree verder word kommandant Uys weer flou. Hy kan nie meer alleen regop bly nie en aan weerskante ry 'n burger om hom te stut. Daar is geen sprake van 'n geveg meer nie. 'n Hele paar burgers sneuwel langs die pad.

Daar is nog net drie burgers en die vyftienjarige Dirkie saam met kommandant Uys oor. Naby 'n rietspruit val hy vir 'n derde keer in 'n beswyming en beveel die burgers om voort te gaan en hulself te red.

Dirkie is skaars honderd tree weg toe sien hy dat die Zoeloes op sy vader afstorm. Die kommandant moes die krete van die impi's gehoor het, want hy lig sy kop op. Sy vader leef nog! In daardie oomblik vergeet Dirkie van die gevaar waarin hy verkeer. Hy pluk sy perd om en jaag terug na die oewer.

Hy begin onmiddellik op die swart hordes te skiet. Drie krygers val, maar die ou voorlaaier is te stadig. Hy is nie opgewasse teen die hordes wat op hom toestroom nie.

Die vyftienjarige Dirkie Uys het sy lewe opgeoffer om tot in sy sterwensuur aan sy vader se sy te bly.

*Mej. W. Kroukamp, Nas. Dipl. in Joernalistiek, is verbonde aan die Militêre Informasieburo van die SAW.

**Bibliografie**

Grobbelaar, W. Pieter., Die Groot Afrikaanse Heldeboek, Human & Rousseau, Kaapstad, 1976.

Kotze, D.J. dr., Dapper Kinders van Suid-Afrika, Sondagskool Boekhandel, Bloemfontein.

Uys, S. Ian., Die Uys Geskiedenis 1704–1974, Kaap en Transvaal Drukkers Bpk., Kaapstad, 1974.